# LAERSKOOL SAAMSPAN NUUSBRIEF

## GENIET DIE VAKANSIE! BLY WARM!



### EERSTE WEEK VAN KWARTAAL 3

| DATUM | ALGEMEEN | SPORT |
|---|---|---|
| 21 JULIE MAANDAG | | |
| 22 JULIE DINSDAG | SKOOL BEGIN! | Krieket oefening (Tye sal gekommunikeer word)<br>Sagtebal oefening (13:45 tot 15:00) |
| 23 JULIE WOENSDAG | OUERAAND (17:00 TOT 18:00) | |
| 24 JULIE DONDERDAG | GRAAD 1 & GRAAD 8 AANLYN REGISTRASIES OPEN | Mini-krieket oefening (16:15 tot 17:15)<br>Gr R tot Gr 7 dogters & Gr R tot Gr 2 seuns mag deel neem aan Mini-krieket<br>Krieket oefening (Tye sal gekommunikeer word)<br>Sagtebaldag by Oos-Moot Hoërskool |
| 25 JULIE VRYDAG | | |
| 26 JULIE SATERDAG | | |

WORD DEEL VAN ONS SKOOL SE WHATSAPP CHANNEL. SKANDEER HIER.

SKANDEER DIE KODE VIR ONS WEBTUISTE

# ALGEMENE INLIGTING

## KUNSWEDSTRYD

### KUNSSTUKKE:KUNSWEDSTRYD

*Alle kunsstukke moet 11 Augustus by kunsonderwyser ingehandig word.
*Al die plagiaat verklarings moet apart ingehandig word.
Vir elke item moet ñ plagiaatverklaring ingehandig word.
Dit moet nie geplak word agter op die kunsstuk nie.
Modelleerwerk moet stewig in h houer verpak word.
Kyk asb weer op die regulasies na die groottes.

**GEEN KUNSWERK SAL NA 11 AUG AANVAAR WORD NIE.**

## VOEDINGSKEMA DONASIES

BAIE DANKIE AAN ALMAL WAT KOS GESKENK HET VIR DIE SKOOL SE KOSPROJEK!

## KONSERT 2025

Elke leerder het 'n brief ontvang. Voltooi en stuur asb. vir ons terug skool toe. Elke leerder neem aan die konsert deel.
Konsert gelde beloop die jaar R200 per leerder.
Hou die volgende datums oop vir die konsert:

**Vrydag 26 September - Kleedrepetisie**
**Maandag 29 September - Oupa en ouma oggend konsert + Konsert aand 1**
**Dinsdag 30 September - Konsert aand 2**
**Woensdag 1 Oktober - Konsert aand 3**
**Donderdag 2 Oktober - Konsert aand 4**

Die kleuterskool vorm die jaar weer deel van die konsert. Neem asb. kennis van die fout op die briewe wat uitgedeel was vir Graad 1-7.
Ons sien uit na nog 'n suksesvolle produksie!

## GRAAD 1 INSKRYWINGS 2026

Op 24 Julie 2025 maak die inskrywings vir Graad 1 2026 oop.

Hulp en navrae is beskikbaar by ons kantoor of stuur 'n e-pos na admin@samies.co.za







Volg asb. die stappe om inskrywings suksesvol te maak.

# PERMANENTE INLIGTING

**MAAK SEKER OOR DIE VOLGENDE:**

- Daar moet ten minste een ouer op die whatsapp groep wees per voogklas. Nuwe ouers moet laat weet as hulle nie op die groep is nie.
- Op Dinsdae dra die leerders hul aktiwiteitshemde met 'n blou broek en tekkies. **Geen swart broeke en plakkies nie.** Let asseblief op na die lengte van die broeke.
- As u kind afwesig is: moet hy of sy die dag se werk by 'n maatjie kry en dit reeds by die huis inhaal. Geen inhaal werk sal afgerol word nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

**finansies@samies.co.za**
Enige kwessies rakende skool finansies.

**hoof@samies.co.za**
Enige kwessies wat u onder die hoof se aandag wil bring

**admin@samies.co.za**
Hierdie e-pos word gebruik vir enige navrae en inligting rondom leerders en as u 'n afspraak wil reël met die hoof.

**adjunkhoof@samies.co.za**
Hierdie e-pos dien as 'n kommunikasie kanaal tov navrae oor die gedragstelsel, dissipline kwessies en aanmelding van moontlike boeliegedrag.

**media@samies.co.za**
Facebook, webtuiste, nuusbrief, lunchkaart navrae.

**bezuidenhout.juan@yahoo.com**
Beheerliggaamvoorsitter

**FINANSIËLE KANTOOR URE**
**07:00 TOT 14:00**
**VRYDAE - SLEGS IN DIE MIDDAE**
**13:00 TOT 13:30**

**SKOOL BANKBESONDERHEDE**
ABSA
TAKNAAM: HERCULES
TAKKODE: 334245
REKENINGNOMMER: 80490046
VERWYSING: FAMILIEKODE (SKOOLFONDS)

## AKTIWITEITSHEMPIES & KLEREVERSKAFFERS

Op Dinsdae mag leerders aktiwiteitsklere aantrek.
Die reëls is as volg:

**BELANGRIK!!**

1. GEEN plakkies! Slegs kaalvoet of netjiese tekkies mag gedra word.
2. Slegs 'n demin of navy kortbroek mag gedra word. Die atletiek kortbroek wat by die verskaffers beskikbaar is mag ook gedra word.
3. Geen geskeurde denim of "ski-pants" mag gedra word nie.
4. 'n Waarskuwing sal gegee word vir verkeerde drag en daarna sal die leerder begin inskrywings kry.

**AKTIWITEIT EN ATLETIEK HEMPIES IS BESKIKBAAR IN DIE WINKEL.**




### SAGTEBALKLERE:

Die sagtebal broeke en hemde kan tot 26 Junie bestel word by SSS-West. Dogters ontvang 'n kaartjie wat hul moet saam neem wanneer hulle 'n sagtebal hemp bestel. Na 26 Junie sluit bestellings. Geen sagtebalklere sal daarna bestel kan word nie. Wees asb. voorbereid en bestel u kind se klere vir die seisoen.
Pryse sal op groepe deurgegee word.

## GEDRAGSTELSEL DISSIPLINÊRE STAPPE

### NA -10 INSKRYWINGS PUNTE

- Leerder sit detensie op 'n Vrydag.

As 'n leerder sonder geldige rede nie opdaag vir detensie nie - kry die leerder 'n -10 inskrywing.

### NA -30 INSKRYWINGS PUNTE

- Leerder sit detensie op 'n Vrydag.
- **As die leerder in Graad 6 is, mag die leerder nie die leierskamp bywoon nie.**

### NA -40 INSKRYWINGS PUNTE

- Leerder sit detensie op 'n Vrydag.
- **'n Leerder met -40 punte mag nie aan die volgende deelneem nie:**
  - Graad 7 afskeid
  - Sokkies
  - Uit of instappies
  - Merietefunksies
  - Toere en kampe

# VERSOEKE

**GRAAD 4-7 HARDEBAND BOEKE:**

Daar is baie leerders se boeke wat los skeer. Die skool kan nie elke kind se boek plak nie. Ons doen 'n groot beroep op u om u kind se boek na te gaan en asseblief vir ons te plak sodat dit nie uitmekaar val nie.

**MERK VAN KLERE, KOSBLIKKE, SKRYFBEHOEFTES EN TASSE:**

Merk asseblief u kind se besittings so duidelik as moontlik. Kom vra asseblief by die kantoor as u kind iets verloor het. Daar is baie verlore klere by die skool.

**KONTAK BESONDERHEDE:**

Maak seker dat u gegewens soos telefoon / selfoonnommers, epos adresse en ander inligting by die kantoor op datum is. Baie ouers ontvang nie belangrike inligting, werk of rapporte a.g.v verkeerde en verouderde selfoonnommers en e-pos adresse.

**SKRYFBEHOEFTES:**

Ons kan nie suksesvolle leer in die klas toepas as leerders nie die nodige skryfbehoeftes het nie. Gaan u kind se skryfbehoeftes asb. in die vakansie na en vul aan soos nodig.

**KLEREBANK:**

Indien daar enige ouer is wat klere vir die klerebank kan skenk, sal die skool dit opreg waardeer. Enige skenking is welkom.

**KOPLUISE:**

Die skool vra dat ouers asseblief hul kinders se koppe weekliks sal deurgaan vir luise of neute. Leerders wat luise het se ouers gaan 'n brief ontvang om u kind se hare by die huis te behandel. As u nalaat om dit te doen gaan u, u kind ongelukkig tuis moet hou tot u kind se hare skoon is.

**SPORTKLERE:**

Ons doen 'n groot beroep op u om asb. enige sportklere, ook eerstespan klere wat leerders nie meer gebruik nie vir die skool te skenk. Leerders kan die klere na Juffrou Melissa toe bring. Leerders wat skenings maak gaan beloon word met 'n dag se gewone klere.


KIDDIES PAMPER PARTY
Let Your Beauty Shine
It's time to pamper yourself! Feel great inside and out .
Start Healthy
STAY HEALTHY
078 686 9006
bookings@startstayhealty.co.za
www.startstayhealthy.co.za
158 Ulundi Avenue,Mountain veiw


GEORGE'S K53 DRIVING SCHOOL
BEST SERVICE
BEST PRICE
SPECIALIZING IN CODE 08 & CODE 10
STOP
GEORGE 083 560 6699
george.beukesk53@gmail.com


MR ALIGN
MOBILE TRUCK WHEEL ALIGNMENT
WE COME TO YOU!
ABOUT US
Wheel Alignment on all trucks, trailers and busses since 1992.
Prices:
Front axle alignment ........... R600 per axle
Drive axle alignment ........... on quotation
Trailer axle alignment ........... R350 per axle
Please contact us for bookings and more info.
DIRK - 066 207 3905